# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2017**

**EKSAMEN**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _12_ bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (35) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (5) |
| AFDELING C: TAALWERK | (80) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : BEGRIPSTOETSE**

**Lees deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**VRAAG 1**

**KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae:

# Ma begin veldtog (*campaign*) om skoolboelies te stop

[*http://distractible.org/wp-content/uploads/2008/12/kids-fighting.jpg*]

1. Genoeg is genoeg! ŉ Woedende ma het ŉ georganiseerde veldtog begin om die boelie-kultuur in skole te stop.

2. Me. Annelene Potgieter van Port Elizabeth se 14-jarige dogter, Melene, was onlangs die slagoffer van ŉ boelie. Melene is op 14 Junie by ŉ private skool deur ŉ ander kind aan die keel gegryp, aan haar hare getrek en geslaan. Volgens ŉ doktersverslag was haar wang en neusbrug geswel en was daar naelmerke op haar wang. Daar was selfs snye aan die slymvliese aan die binnekant van haar mond. ŉ Vriendin van Melene is tydens die voorval ook aan die hare getrek en in die gesig geskop.

3. En toe sy boonop verlede week Rapport se berig oor die aanval op Kobus Ehlers (11) van Rustenburg lees, het sy besluit om daadwerklik op te tree. Potgieter het saamgespan met ŉ prokureur, ŉ berader en ŉ prokureursklerk om ŉ nie-winsgewende organisasie te stig om skoolboelies vas te vat. Hulle is besig om hierdie organisasie, ***Fighting Giants***, te registreer.

4. "Ek sê gedurig vir ouers en kinders om op hul regte te staan, maar hulle weet nie hoe nie, want hulle ken nie hul regte nie," sê Potgieter. *Fighting Giants* wil prokureurs oor die land heen inspan om gratis regsadvies te bied aan die slagoffers van geweld in skole. Potgieter is ook vol planne om geld in te samel om geldelike steun aan slagoffers te verleen. Hulle beplan ook ŉ bewusmakingsveldtog by skole sodat kinders weet daar is maniere om boelies te stop.

5. "Ek is trots op my kind wat ŉ dapper besluit geneem het om nié ŉ stilswyende slagoffer te wees nie," sê Potgieter.

6. Die departement van onderwys het weer besluit om nie te reageer op Rapport se navrae oor boelie-voorvalle in skole nie. Skakel 082 6113 495 of stuur ŉ e-pos na crim.ba6@ gmail.com vir meer inligting oor ***Fighting Giants***.

[*Verwerk uit: Rapport, 4 Julie 2011*]

**WOORDESKAT:**

| | |
|---|---|
| **Veldtog – campaign** | **regte - rights** |
| **Slagoffer – victim** | **gratis - free** |
| **Keel – throat** | **regsadvies – legal advice** |
| **Slymvliese – mucous membrane** | **geweld - violence** |
| **Berig – report** | **bewusmakingsveldtog - awareness campaign** |
| **Daadwerklik – active** | **stilswyende - quiet** |
| **Saamgespan – teamed-up** | |
| **Prokureur – lawyer** | |
| **Berader – counselor** | |
| **Nie-winsgewende – non-profitable** | |

**VRAE:**

1.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter (A–D) langs die gepaste nommer neer.

Die volgende woord in **paragraaf 1** dui daarop dat hierdie ma, Annelene Potgieter, baie kwaad was …

A genoeg.
B woedende.
C veldtog.
D boelie. (1)

1.2 Van watter stad in Suid-Afrika is me. Potgieter oorspronklik? (1)

1.3 Wat het op 14 Junie met Melene Potgieter by die skool gebeur? (1)

1.4 Noem twee van die beserings wat Melene gehad het. (2)

1.5 Verwys na **paragraaf 2**.

1.5.1 Is Melene die enigste leerder wat ŉ slagoffer van geweld by die skool was? (1)

1.5.2 Haal ŉ sin uit die koerantartikel aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.6 Wat het Annelene finaal laat besluit om iets omtrent boelies in skole te doen? (1)

1.7 Hoe oud was Kobus toe hy geboelie is? (1)

1.8 Met watter DRIE **mense** het Annelene gewerk om die organisasie, *Fighting Giants*, te stig? (3)

1.9 Haal EEN WOORD uit **paragraaf 3** aan as bewys dat Annelene geen winste uit *Fighting Giants* sal verdien nie. (1)

1.10 Waarom, volgens **paragraaf 4**, staan kinders nie op hulle regte nie? (1)

1.11 Watter WOORD **in paragraaf 4** dui daarop dat leerders wat van *Fighting Giants* vir regsadvies gebruik maak, nie hoef te betaal nie? (1)

1.12 Behalwe regsadvies, watter **ander funksie** het die organisasie, *Fighting Giants*? (1)

1.13 Wie het nie gereageer op Rapport se navrae oor boelie-voorvalle nie? (1)

1.14 Haal een woord aan wat bewys dat dit nie die eerste keer is dat Rapport navrae gedoen het nie. (1)

1.15 Noem EEN van die twee maniere waarop ons meer inligting oor *Fighting Giants* kan kry. (1)

1.16 Wat sal jý doen as jy geboelie word? (1)


**[20]**

VRAAG 2

**RESENSIE**

Lees die onderstaande resensie en beantwoord die daaropvolgende vrae:

## Doring van 'n jeugboek steek nuwe grense oor




1. Vir Thomas is die lewe maar baie moeilik. Die feit dat sy vriende Lukas, Thabo en Hannes 'n musiekgroep begin sonder om hom enigsins in te sluit, is vir hom bitter. Om dit galbitter te maak, hoor hy boonop dat dié "band", die Hectic Hamburgers, aan 'n groot rockfees gaan deelneem.

2. Die verdere vals noot in sy lewe weergalm toe hy per ongeluk mnr. Volschenk, die skoolhoof, met 'n leë koeldrankblikkie raakskop. Vir sy "doelskop", moet hy die mure van die skool verf.

3. Ook op liefdesgebied gaan dit moeilik. Volgens Thomas kuier sy meisie, Alex, en Hannes hopeloos te veel saam. Die klimaks van die verhaal is wanneer die kompetisie gewelddadig raak. **thomas@rock-ster.net** rock inderdaad!

4. Carina Diedericks-Hugo kry dit reg om in die agtste boek in die Thomasreeks die tegnologie en die belangstellings van tieners bymekaar te bring. Sy maak gebruik van QR-kodes sodat lesers foto's, klankgrepe en video's kan kyk. Lesers lees nie net nie; hulle kry die geleentheid om te hóór hoe die musiekgroepe klink. 'n Spesiale MXit-kanaal vir Thomas en sy vriende, asook Fangs, Thomas en Thabo se gunstelingspeletjie, sorg vir oneindige digitale pret.

[Verwerk uit: Die Burger, 29 Augustus 2011]

**VRAE:**

2.1 Waarom is die lewe vir Thomas so moeilik? Gee twee redes. (2)

2.2 Noem die name van die drie lede van die musiekgroep, Hectic Hamburgers. (3)

2.3 Wat is die naam van Thomas se skoolhoof? (1)

2.4 Watter straf kry Thomas toe hy per ongeluk die skoolhoof met 'n koeldrankblikkie raakskop? (1)

2.5 Watter probleme het Thomas met sy liefdeslewe? (1)


2.6 Hoeveel boeke is daar in die Thomas-reeks deur Carina Diedericks –Hugo geskryf? (1)

2.7 Wat is die naam van Thomas en Thabo se gunstelingspeletjie? (1)

**[10]**

VRAAG 3

**STATISTIEKE**




VRAE:

3.1 Op watter ouderdom mag 'n kind (op private persele) in Brittanje alkohol drink? (1)

3.2 As jy na sommige state in Indië toe gaan, hoe oud moet jy wees om alkohol te gebruik? (1)

3.3 Watter twee alkoholiese drankies mag jy, as jy sestien is, in Oostenryk, België en Guyana saam met maaltye drink? (2)

3.4 Wie het die statistieke vir "Die wettige ouderdom vir alkoholgebruik" vir ons bymekaargesit? (1)

**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 4**

WAT KAN JY DOEN OM 'N GELUKKIGE MENS TE WEES?

- Som SEWE dinge op wat van jou 'n gelukkiger mens kan maak.
- Som die WENKE in SEWE goeie sinne op deur elke keer die hoofsin uit elke paragraaf neer te skryf.
- Skryf jou SEWE SINNE onder mekaar neer en nommer die sinne 1–7.
- Jy moet een sin oor elke feit skryf.
- Laat 'n reël tussen jou sinne oop.
- Dui die getal woorde wat jy gebruik aan die einde van jou opsomming aan.

**WENKE OM JOU GELUK TE VERSEKER**

1. **Jy moet 'n lang lys goed voor 'n groot toets leer. Soms keer stres dat jy dinge gedoen kry; daarom is dit belangrik om te ontspan. Soek 'n stil plekkie waar jy gemaklik kan sit en konsentreer op jou asemhaling.**

2. **Jy het stry gekry met jou beste maat. Dink 'n bietjie na oor jou reaksie op die situasie. Hoekom is jy kwaad? Gaan sit dan saam met iemand met wie jy openhartig kan gesels en praat oor die saak en hoe jy daaroor voel. Soms moet jy net jou hart uitpraat as jy van negatiewe emosies ontslae wil raak.**

3. **Afleiding help altyd wanneer jy jou stresvlakke wil laat daal. Kry iets om jou aandag van jou probleme af te lei. Doen iets produktiefs wat jou die bevrediging sal laat smaak dat jy iets bereik het of laat 'n snaakse fliek of goeie boek jou meevoer.**

4. **Jy voel effens paniekerig oor jou groot afspraak vanaand, Oefening is 'n wonderlike manier om senuagtigheid te laat verdwyn en die endorfiene wat dit jou liggaam laat afskei, sal jou laat goed voel.**

5. **Jy het hartseer wakker geword en jy is allesbehalwe lus om te glimlag. Dwing jouself om breed te glimlag wanneer jy by mense verbystap. Jy sal verbaas wees oor hoe vinnig daardie glimlag in 'n spontane een verander, veral as iemand terugglimlag.**

6. **Dink aan 'n paar goeie dinge wat vandag gebeur het. Selfs iets doodgewoons kan jou help opbeur, soos jou gunsteling-gereg of 'n maat wat jou vrolik groet. As jy op iets positiefs fokus, sal die swartgalligheid vinnig verdwyn.**

| | |
|---|---|
| **7.** | **Beur jouself op deur iemand anders te help. Goeie dade laat die gewer én die ontvanger beter voel. Help jou ma met die skottelgoed of doen welsynwerk vir 'n liefdadigheidsorganisasie – dit kan iets kleins of groot wees.** |

[10÷2=5]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [5]**

## AFDELING C: TAALWERK

### A. Sinstrukture

Die volgende vrae is op die prentjie gebaseer. Voer die instruksies noukeurig uit.




1. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte ***WOORDORDE.***
   1.1 Die seun, nuwe klere, more, koop, wil. 1
   1.2 Johnny se ou klere, geskeur, is, noual. 1
   1.3 Zitts, op die stoel, het, gesit, gemaklik. 1

2. Skryf die volgende sinne oor in die ***VERLEDE TYD.***
   2.1 Johnny het nuwe klere nodig. 2
   2.2 Zitts speel op sy kitaar. 2
   2.3 Zitts geniet die musiek. 2
   2.4 Johnny staan en speel sy kitaar. 2
   2.5 Die twee seuns is albei kunstenaars. 2

3. Skryf die volgende sinne in die ***TOEKOMENDE TYD.***
   3.1 Zitts het net ou klere in sy kas. 2
   3.2 Johnny is bekommerd oor sy klere. 2
   3.3 Die twee speel saam kitaar in hulle motorhuis. 2

4. Verbind die volgende sinne met die ***VOEGWOORD*** in hakies.
   4.1 Zitts dra dieselfde klere van graad 4 af. Johnny wil sy raad hê. (dog) 1
   4.2 Johnny se klere val uitmekaar. Hy moet nuwe klere koop. (daarom) 1
   4.3 Die bure is ongelukkig. Johnny en Zitts maak baie lawaai. (omdat) 1
   4.4 Johnny speel op die baskitaar. Zitts speel op die elektriese kitaar. (terwyl) 1

5. Skryf die volgende sinne in die ***ONTKENNENDE VORM*** oor.
   5.1 Johnny kla. 1
   5.2 Zitts gaan vir hom raad gee. 2
   5.3 Hy het al nuwe klere gekoop. 2
   5.4 Daar is nog liedjies wat die twee gaan speel. 2
   5.5 Almal hou van die twee se musiek. 2

6. Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM oor.
   6.1 Die seuns speel kitaar in die motorhuis. 2
   6.2 Zitts het ou klere by die huis gedra. 2
   6.3 Die twee seuns sal die bure irriteer. 2
   6.4 Johnny het modieuse klere gedra. 2

7. Skryf die volgende sinne in die ***INDIREKTE REDE*** oor.
   7.1 Johnny sê: "Al hierdie klere is baie oud." 2
   7.2 Zitts vra: "Lyk my klere nuut?" 2
   7.4 Die buurvrou sê: "Die seuns maak 'n lawaai." 2

[46]

**B. Woordstrukture**

Die volgende vrae is op die prentjie gebaseer. Voer die instruksies noukeurig uit.



***SKRYF ELKE KEER NET DIE NOMMER EN DIE ANTWOORD NEER!!!!***

1. Verskaf die korrekte **VRAAGWOORD** in die volgende sinne. (Die antwoord word gegee om jou te help.)
   1.1 ___ het die kwaai man gepraat? (met Hägar) 1
   1.2 ___ het Hägar gesit? (op 'n stoel) 1
   1.3 ___ het die kwaai man geïrriteer? (Hägar) 1
   1.4 ___ kan jy sien Hägar se vriend was bang? (sy oë was groot) 1

2. Gee die **MEERVOUD** van die woorde in hakies.
   2.1 Die (man) drink nie uit (glas) nie, maar wel uit bierbekers. 2
   2.2 Die kwaai man sal albei Hägar se (been) breek. 1
   2.3 Hulle sal hartseer (brief) aan Hägar en Eddie se (ma) stuur. 2

3. Gee die **VERKLEINWOORD** van die woorde in hakies.
   3.1 Arme Hägar se kleinste (tand) word uitgeslaan. 1
   3.2 Die kwaai man het 'n klein (pen) in sy sak. 1
   3.3 Hulle sal maar vir Hägar op sy klein (plaas) moet begrawe. 1
   3.4 Iemand sal 'n klein (foto) van hulle neem. 1
   3.5 Eddie se klein (graf) sal langs Hägar s'n wees. 1

4. Vul **PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE** in die oop spasies in.
   4.1 Eddie en Hägar het nog nie ___ bier gedrink nie. 1
   4.2 Die kwaai man het ___ humeur verloor. 1
   4.3 Hägar se vrou gaan ___ dood huil as ___ nie huis toe kom nie. 2

5. Vul **VOORSETSELS** in die oop spasies in.
   5.1 Hägar hou nie ___ die kwaai man nie. 1
   5.2 Die kwaai man is baie kwaad ___ Hägar. 1
   5.3 Hägar se vrou sal nou alleen ___ vakansie moet gaan. 1
   5.4 Eddie loop ___ voet huis toe. 1

6. Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woorde in hakies.
   6.1 As die sterk man vir Hägar teen die kop slaan, sal hy (baie doof) wees. 1
   6.2 Hägar moet (baie seker) wees dat hy die kwaai man kan wen. 1
   6.3 'n Begrafnis kan (baie duur) wees. 1
   6.4 Beide Hägar en Eddie kan aan die einde van die aand (baie dood) wees. 1

7. Voltooi die ***VERGELYKINGS***.
   7.1 Ou Eddie is nou so bleek soos ___. 1
   7.2 Die kwaai man se vuis is so hard soos ___. 1
   7.3 Hägar sit nou so regop soos 'n ___. 1
   7.4 Hägar is nou so swak soos 'n ___. 1

8. a. Skryf die onderstreepte ***AFKORTINGS*** uit.
   8.1 Hägar se vrou sal maar die ds. moet bel. 1
   8.2 Eddie woon op die h/v Smith- en Wesstraat. 1

   b. Gee die ***AFKORTINGS*** vir die onderstreepte woorde.
   8.3 Hägar het die man getart in plaas van om stil te bly. 1
   8.4 Hägar se vrou gaan nou maar in die Verenigde State van Amerika woon. 1

[34]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [80]**

**SOMTOTAAL: [120]**